JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3

JUNIE 2014

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.

7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:

   - 70 minute aan Afdeling A
   - 30 minute aan Afdeling B
   - 20 minute aan Afdeling C.

AFDELING A: OPSTEL
VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 150 – 200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. Skryf 'n opstel oor die volgende tema.

Dit het alles só begin…

OF

1.2. Skryf 'n opstel oor jou familie.

My bure…

Dink aan die volgende:

- Wie jou bure is.
- Wat jou bure doen wat snaaks is.
- Hoe jy met jou bure oor die weg kom.
- Hoekom jy van jou bure hou / nie hou nie.

OF

1.3. **Ek wens ek kon in die verkiesing stem / Ek het in die verkiesing gestem, omdat…**

Skryf 'n opstel waarin jy jou redes bespreek.

OF

1.4.

Ek is verlief…

OF

1.5.

Internet

Die voordele en nadele.

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6. 1.

OF

1.6. 2.

OF

1.6. 3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE
VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1.

Skryf 'n FORMELE BRIEF waarin jy VERSOEK dat die munisipaliteit die straatlig buitekant jou huis moet kom regmaak.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Hoe lank die lig al stukkend is.
- Die implikasies van die stukkende lig op jou en jou familie se veiligheid, ens.

OF

2.2.

Jy is op die paneel van die Sportkomitee. Trek die AGENDA EN die NOTULES van 'n vergadering, wat gehou is, op.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

Agenda	Notules van die vergadering
• Die datum van die vergadering. • 'n Oorsig van alles wat die vergadering sal orden en sake wat bespreek gaan word.	• Die datum van die vergadering • Wie afwesig is. • Verskonings. • Sake van die vorige notule. • Sake wat bespreek is – elk met sy eie opskrif en kortlikse samevatting. • Afsluiting. • Datum van die volgende vergadering.

OF

2.3.

Jy is deur die redakteur van julle skoolkoerant gevra om 'n onderhoud met die skoolhoof te hê. Skryf die ONDERHOUD wat jy met skoolhoof gehad het.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help met die vrae wat jy vra:

- 'n Kort oorsig van sy / haar loopbaan tot op datum.
- Sy / haar familie.
- Unieke kenmerke van die skoolhoof.
- Sy/ haar toekomsplanne.

OF

2.4.

Jou beste vriend het gesterf in 'n motorongeluk en jy is gevra om 'n HULDEBLYK te doen by sy / haar begrafnis. Skryf oor dinge soos:

- Wat julle vriendsakp spesiaal gemaak het.
- Dinge wat jou vriend / vriendin in sy / haar kort lewe bereik het.
- .Woorde van simpatie aan die familie.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE
VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. Jy en jou beste vriend het 'n hewige argument gehad. Skryf wat gebeur het en hoe jy daaroor voel deur 'n DAGBOEKINSKRYWING te doen.

OF

3.2. Jou pa gaan binnekort sy 50ste VERJAARSDAG vier en julle het besluit om 'n partytjie te hou. Ontwerp 'n UITNODIGING wat jy aan jou familie gaan stuur.
Onthou om die volgende in te sluit:

- Tyd, datum en plek.
- Kleredrag.
- Illustrasies. (Tel nie vir punte nie)
- RSVP, ens.

OF

3.3. Ontwerp en skryf 'n POSKAART aan jou vriendin / vriendin en vertel hom / haar van jou vakansie in Durban.
Skryf oor dinge soos:

- Waar julle bly.
- Wat jy elke dag doen.
- Hoe dit daar lyk, ens.

ONTHOU: JY MOET DIE POSKAART HIERONDER OORTREK IN JOU ANTWOORDBOEK.

Poskaart	

TOTAAL AFDELING C: 20
VRAESTEL TOTAAL - 100